BEK-EN-KLOUSEER

Veeboere juig oor herwonne status

GOEIE nuus vir Suid-Afrika se veeboere is dat die land sy status as vry van bek-en-klouseer herwin het. Die internasionale organisasie vir dieregesondheid (OIE) het sy voorskrifte ten opsigte van inenting teen die siekte sedert 14 Februarie 2014 opgehef.

Die OIE sal die herinstelling van Suid-Afrika se sone in 'n verklaring op sy webwerf aankondig.

"Dit is baie goeie nuus vir die Suid-Afrikaanse landbou, aangesien sowat R4 miljard aan vleisuitvoer jaarliks ingeboet is sedert die land sy status as vry van bek-en-klouseer verloor het," het mnr. Lardus van Zyl, nasionale voorsitter van die Rooivleisprodusenteorganisasie (RPO), gesê.

Hy sê die wetenskaplike kommissie van die OIE sal 'n afvaardiging van kundiges einde vanjaar na Suid-Afrika stuur om sekere regstellende maatreëls te verifieer.

"Van die rooivleisbedryf se kant wil ons die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye geluk wens met hierdie baie goeie prestasie en ons sal nou met ander belanghebbendes in die bedryf saamwerk om aan dié maatreëls te voldoen," sê hy.

Volgens Van Zyl bevoordeel die goeie nuus ook die huide-, velle-, leer-, stoet-, suiwel- en wolbedryf.

VEEBOERDERY

Bedryf 'die beste' vir voedselsekerheid

DIE Regering se Geïntegreerde Volhoubare Landelike Ontwikkelingstrategie (ISRDS, 2004) het veeboerdery in Suid-Afrika geïdentifiseer as die landboubedryf wat die beste kans het om huishoudelike voedselsekerheid te verbeter. Veeboerdery staan volgens die ISRDS ook 'n goeie kans om armoede in die kommunale, landelike gebiede te verlig.

Dit is omdat groot dele van die land nie geskik is vir aanplantings nie. Ongeveer 84% (103 miljoen ha) van Suid-Afrika se oppervlakte van 1 224 997 m² (122,5 miljoen ha) is beskikbaar vir boerdery, maar net 11% is geskik vir gewasverbouing.

Suid-Afrika produseer tans 21,4% van die totale vleisproduksie in Afrika en een present van die totale wêreldproduksie van vleis. Die plaaslike veebedryf dra 34,1% tot die land se landbouproduksie by en voorsien in 36% van die bevolking se proteïenbehoeftes. Die bydrae van rooivleis tot die totale waarde van veeprodukte het van ongeveer 25% in 1998 tot meer as 30% in 2010 gestyg.

Rooivleis se bydrae ten opsigte van produksie het van ongeveer 11% in 1998 tot amper 15% in 2010 gestyg. Vleis se aandeel in private verbruikersbesteding aan voedsel het van 25,6% in 2000 tot 32,8% in 2010 toegeneem. Daarteenoor het die private verbruikersbesteding aan brood en graanprodukte in die laaste dekade van 27,5% tot 26,4% gedaal.

INENTING

Entstowwe by OBP beskikbaar

ENTSTOWWE vir slenkdalkoors en knopvelsiekte is nou by Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP) beskikbaar, terwyl die bloutong-entstof teen middel Maart en die B. phemeral-entstof teen April beskikbaar sal wees.

Volgens 'n woordvoerder van die OBP word nuwe toerusting in die fabriek aangebring, maar dié proses behoort vanjaar afgehandel te wees, waarna produksie van entstowwe weer glad behoort te verloop.

Intussen het dit aan die lig gekom dat individue sedert November verlede jaar nie meer entstowwe by die OBP kan koop nie. Entstowwe word na bewering net aan staatsdepartemente verkoop. Individue moet 'n rekening by UTI Pharma open om produkte van die OBP te bekom.

Die RPO het 'n gesprek met UTI Pharma aangevra om meer duidelikheid te kry oor die prosesse en prosedures in die toekoms.

RMRDT

Navorsing oor veediefstal beoog

DIE Rooivleisnavorsing-en-ontwikkelingstrust (RMRDT) gaan sy fokusareas vir navorsing in die rooivleisbedryf uitbrei na veediefstal. Die eerste navorsingsprojek oor veediefstal word reeds oorweeg.

Dié fokusgebied sluit aan by die RMRDT se breë visie, naamlik om te verseker dat die Suid-Afrikaanse groot- en kleinveebedryf die nodige kennis en tegnologie het om winsgewend en volhoubaar die produkte te lewer wat die verbruiker graag wil hê.

Die navorsing sluit aan by die definisie van vee in die Wet op Veediefstal. Mak vee – perde, muile, osse, bulle, koeie, kalwers, skape, bokke, varke, pluimvee en volstruise – asook kommersiële wilde diere of die karkas of deel van enige karkas van die genoemde diere kan nagevors word. Die steel van wild sal ook bekyk word.

Tans maak beeste skape en bokke 87% uit van alle vee wat in Suid-Afrika gesteel word. Navorsers sal eerste aandag daaraan gee.

Die verliese aan vee weens diefstal verskil van soort tot soort, van maand tot maand en van jaar tot jaar. Die aantal diere wat gesteel word, het 'n regstreekse uitwerking op 'n boerdery se ekonomiese waarde. Boere se verliese wissel daarvolgens.

Tans word beraam dat boere jaarliks R500 miljoen weens veediefstal verloor, maar dit sluit nie die verliese binne die hele strafregstelsel in nie.

Navorsing op dié gebied behoort daarop gemik te wees om teoretiese aspekte te beskryf, te verduidelik en te vergelyk. Dit gaan onderwerpe, soos die strafregstelsel se onvermoë om 'n gepaste ondersoekende ondersteuningstelsel vir veediefstalsake daar te stel, bekyk.

Dit is 'n spesialisveld, waar kundige forensiese ondersteuning dikwels nie beskikbaar is nie.

Ander aspekte wat die RMRDT bekyk om gehalte-navorsing te vestig en tegnologie-oordrag te bewerkstellig, is die volgende:

- Veeproduksie wat internasionaal mededingend is.
- Dieregesondheid en -welsyn.
- Die gehalte van diereprodukte en waardetoevoeging.
- Verbruikers, markontwikkeling en die handel.
- Die invloed van die klimaat en aanpassing by die omgewing vir volhoubare veeproduksie.

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE ROOIVLEISBEDRYF GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY **012 348 1933**.
E-POS: **rpo@lantic.net**. WEBWERF: **www.rpo.co.za**.